Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 14 Junie 2019

**Kwartaal twee is afgehandel. Baie dankie aan elke ouer/voog se voortdurende ondersteuning. Graag bring ons die volgende laaste sake onder u aandag:**

## 1. UITGEE VAN RAPPORTE:

Na afloop van die Junie-eksamen word daar op **19 Julie** rapporte aan leerders uitgegee. Vergewis u asseblief van die punte-uiteensetting van elke vak soos dit op die webwerf aangedui is: www.wonnies.co.za. Die punte sal ook 'n bepalende rol speel vir die Graad 9-leerders se vakkeuses in die VOO-fase.

## 2. BLOEDSKENKDAG:




Op **17 Julie** is daar weer by die skool 'n bloedskenkgeleentheid. Dit geskied vanaf 18:30 tot 15:00. Kom ondersteun asseblief die belangrike aksie.


## 3. KLASKAMERPROJEK:

BOODSKAP VAN DIE BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER: MNR. GERRIT JANSEN VAN RENSBURG

Graag wil die skool elke ouer bedank wat so nougeset betrokke is by die skool en so getrou hul finansiële verpligting nakom. Dit bly egter 'n behoefte om die klaskamers se voorkoms op te knap en daarom doen die Beheerliggaam 'n beroep op u om betrokke raak by die **Klaskamerprojek 2019**. Ons glo dit is 'n belegging in die opvoeding van ons kinders en ook vir dié wat in die toekoms na Die Hoërskool Wonderboom kom. Graag wil ons op **15 Julie om 18:00** alle Graad 8-12 ouers uitnooi om 'n vergadering in voogklasverband by te woon. Hier wil ons u bydrae/borgskap/handewerk vra, ten einde enige verbeterings in die klas te doen. Die doelwit is nie om geld in te samel nie, maar om ouers se kundigheid/bydrae te gebruik. Indien u dalk 'n blik verf tuis het, kan die klas geverf word. Daar is dalk 'n ouer met 'n mooi lap wat gordyne kan maak of u weet dalk van 'n werker wat 'n vloer kan herstel. Baie dankie dat ons ook hier op u bywoning kan staatmaak.

**Sien ook die aangehegte brief rakende dié projek**.

## 4. REVUE:




Ons sien met groot opwinding uit na die revue wat plaasvind op **31 Julie** en **1 Augustus**. Hierdie is 'n kombinasie van Die Hoërskool Wonderboom se revue-groep, verskeie Laerskool revue-groepe, sowel as 'n **Personeelkonsert**! Kaartjies sal beskikbaarwees by me. A van Heerden. Hou beslis dié spasie dop!

## 5. GRAAD 8 INSKRYWINGS VIR 2020:

Die aanlyn-inskrywings vir Graad 8 van 2020 **sluit op 22 Julie**. Alle **dokumente moet teen 31 Julie** by die skool wees. Indien geen dokumente ingegee is nie, alhoewel die leerder aanlyn aansoek gedoen word, sal daar nie met die aansoek gewerk word nie. Vanaf **30 Augustus** sal SMS'e na die ouers gestuur word rakende u aansoek wat suksesvol of onsuksesvol was.

### 6. KRIEKETTOER:

Gedurende die vakansie vind daar vanaf 25 – 28 Junie 'n Senior Kriekettoer te Potchefstroom plaas:
25 Junie teen Cambridge College (45 beurte).
26 Junie teen Hoërskool Heidelberg Volkskool (60 beurte).
27 Junie teen Cambridge College (60 beurte).
28 Junie teen Hoërskool Monument (20 beurte).

### 7. TOERISME-LEERDERS – TOERGIDS LISENSIE:

Die "Livingstone Tourism Academy" in Gauteng is 'n Cathsseta geregistreerde toerisme opleidingsakademie wat in November 2019 aan die Toerisme-leerders in Graad 11 en 12 die geleentheid bied om hulle Provinsiale Toergidslisensie te verwerf. Die kursus is 'n NQF (National Qualifications Framework) vlak 4 kwalifikasie, wat leerders die geleentheid bied om as 'n gekwalifiseerde toergids te werk. Die koste hieraan verbonde is R3500.00 per leerder met 'n registrasiefooi van R1700.00, waarna die res van die bedrag in twee paaiemente vereffen kan word. Navrae (by die skool) kan gerig word aan mnr. L Roodt.

Livingstone Tourism Academy
Since 1995

### 8. VELDTEIKENSKIET - UITSLAE:

Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtig presteer het tydens die Gauteng Ope:
Marnus Deysel (Junior Seuns – 1ste; Algeheel – 5de)
Danel van Tonder (Junior Meisies – 1ste; Algeheel – 7de)
Dirk Hoffman (Junior Seuns – 2de; Algeheel 12de)
Elmore de Reuck (Junior Seuns – 3de; Algeheel – 16de)
Klara Kleynhans (Junior Meisies – 2de; Algeheel -18de)
Die volgende leerders gaan ook deelneem aan die Wêreldkampioenskappe in Engeland – Baie geluk:

- Devon du Toit (Protea)
- Danel van Tonder, Jordan Botes, Dean van Zyl (Uitnodiging)

### 9. SAGTEBALPROEWE:

Die Sagtebal-proewe vir alle ouderdomsgroepe vind plaas op **9 Julie** om 14:30 op die rugbyveld.

### 10. OUERONDERSTEUNING:

Graag noem ons aan u die mandjiedans (langsaan). Dit is 'n fondsinsameling van 'n onafhanklike instansie ten bate van 'n ouer van ons skool, wat tans hulp benodig.




M LEZAR
SKOOLHOOF

Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

14 Junie 2019

Geagte Ouer/Voog

**KLASKAMERPROJEK 2019**

Die Hoërskool Wonderboom se klaskamerprojek is ongeveer ses jaar gelede by die skool met groot sukses afgehandel! Dit is 'n vennootskap tussen die voogonderwyser en die ouers van die betrokke voogklas. Daar is 'n ouer/voogvergadering op **Maandag 15 Julie 2019 om 18:00 in elke voogonderwyser se klas** (U kind sal vir u die klasnommer kan gee). Tydens die vergadering, sal die voogonderwyser vir u as ouer/voog wys op die behoeftes in sy/haar klas (bv. verf van mure, verf van bankies, vensterrame, deure, gordyne ens.)

U sal dan saam met die voogonderwyser besluit wat gedoen kan word, afhangende van moontlike borge/bydrae. Die doel is dus nie dat elke ouer/voog geld uit hulle sakke moet betaal nie, **maar dat daar binne voogklasverband na borge/bydrae/handewerk gekyk word.**

**Ons versoek dat alle ouers/voogde met leerders in Graad 8-12 die vergaderings sal bywoon en sal help waar u kan! Dit sal ons in staat stel om die skoolgeld op ander belangrike projekte te bestee!**

Wonnie groete

**MNR J BOTHA**
**ADJUNKHOOF**

**MNR M LEZAR**
**HOOF**